
# Welkom by NG The Reeds

## Veilige hawe vir nuwe hoop


Ruil jy God Se droom vir menslike torings?

# Votum




Ons hulp is in die Naam van die Here, die Skepper van hemel en aarde, die Een wat ons roep om sy beelddraers te wees, en ons lei om sy droom vir die wêreld te leef.

# Seëngroet



Genade, barmhartigheid en vrede van God ons Vader, van Jesus Christus ons Here, en van die Heilige Gees wat ons toerus om ’n seën vir die nasies te wees.



# VONKK 277:1

U is die lig wat deur die donker skyn.
U is die een wat duister laat verdwyn.
Skyn in ons harte, dryf die donker uit.
Skyn in ons lewens tot in ewigheid.

*Refrein:*


**Jesus Christus, ons glo in U,**
**ons buig voor U neer, buig voor U neer.**
**Jesus Christus, ons God en Heer,**
**ons bring nou aan U die eer.**

**U is oorwinnaar, U't die dood verslaan.**
**U het as Koning uit die graf gegaan.**
**Breek nou die bande,**
**gooi die boeie neer.**
**Ons is oorwinnaars saam**
**met U, ons Heer.**

*Refrein:*

**Jesus Christus, ons glo in U,**
**ons buig voor U neer, buig voor U neer.**
**Jesus Christus, ons God en Heer,**
**ons bring nou aan U die eer.**

# Gebed



# Genesis 11 : 1 - 9



1. Die hele wêreld het net een taal gepraat. 2. Toe die mense ooswaarts getrek het, het hulle uitgekom by 'n vlakte in Sinar en daar gaan woon. 3. Hulle het op 'n keer vir mekaar gesê: “*Kom* **ons** *maak stene en* **ons** *brand hulle hard.*” Hulle het toe stene in plaas van klip gebruik en asfalt in plaas van klei. 4. Toe sê hulle: “*Kom* **ons** *bou vir* **ons** *'n stad met 'n toring waarvan die punt tot in die hemel reik en* ons *maak so vir* **ons** *'n naam. Dan sal* **ons** **nie oor die hele aarde *versprei* nie.”**

5. Die Here het **afgekom** om te kyk na die stad en die toring wat die mense vir **hulle** gebou het, 6. en toe sê Hy: "*Hier is hulle een volk en almal het een taal. **Hulle** het nog maar net begin om iets te doen. Hierna sal niks wat **hulle** beplan vir hulle onmoontlik wees nie. 7. Kom laat **Ons** **afgaan** en **verwarring** bring in **hulle** taal, sodat die een nie die ander verstaan nie.*" 8. Die Here het **hulle** toe van daar af verstrooi oor die hele aarde, en **hulle** het opgehou met die bou van die stad. 9. Daarom het hulle die stad **Babel** genoem, want daar het die Here in die taal van die aarde **verwarring** gebring, en van daar af het Hy die mense **oor die hele aarde *verstrooi***.

# Die glanskerk



Iets vreemds het begin gebeur





Soos Babel het die kerk hul taal, werk, verhoudings en invloed gebruik om hul eie naam groot te maak

God se droom is nie torings nie – dis ‘n tuin, ‘n gemeenskap, ‘n koninkryk waar Hy die middelpunt is.

Ruil jy God se droom vir menslike torings?




# Ons teks is die afsluiting van die oergeskiedenis (Gen. 1-11) in die Bybel en is ook in die vorm van 'n storie





# Klompie temas word weer opgeneem





# Klein stukkies detail



## Ooswaarts – Babel vlakte van Sinar

Klein stukkies detail



Stene en asvalt in plaas van modder en klip

# Klein stukkies detail

## Toring wat aan hemel raak - Ziggoerats




Klein stukkies detail
Daar steek meer in die naam maak



# Die mens se drang om naam te maak

# Op watter maniere bou ons vandag torings in plaas van om ons rol te vervul in God se droom?



Wat maak dit so maklik om raak te sien wanneer ander "torings bou", maar so moeilik om raak te sien wanneer ons dit self doen?





# God kom af -
# ironie, perspektief en waarskuwing

**Hoe help hierdie perspektief en waarskuwing ons vandag nog om bedag te wees op die gevolge van <u>mag en ambisie</u>?**





# Taalverwarring en God se droom

# Hoe lyk God se droom in 2025 in ‘n diverse land, gemeenskap en kerk vandag ?



# Die glanskerk





# Waaraan bou jy?


# Neem deel aan God se bouprojek!




Ruil jy God se droom vir menslike torings?



# Gebed



# Dankoffers



# VERDI: NABUCCO

**Telkens as ek U Woord oopmaak,**

**Here my God**

**en ek sien al U trou en liefde Jesus,**

**dan onthou ek my skande**

**van rug keer op U -**

**maar van U af skyn strale van**

**glo-rie en van hoop.**

Deur die dag, in elke nag

is U Gees by my,

U bring heelheid vir elkeen

wat leef uit genade.

Tyd is kort, neem jou toevlug

tot Jesus die Heer,

En - lewe in oorvloed

sal neer-daal onbeperk.

**Halleluja! Ek bring a-al my lof**

**to-t U troon -**

**- daar is niks / wat U liefde kan keer nie -**

**Mag die kerk / en die wê-reld**

**tesaam buig voor U -**

**U is waardig die eer - en heerlikheid!**

**Staan my by, o verwonde Geneser!**

**Want my gees smag na salf**

**en U heling.**

**Telkens as ek U Woord oopmaak,**
**Here my God,**

**troos U stem van vergifnis**

**en maak mooier my lot -**

U alleen is ons Borg....


as ons maar net wil buig

U alleen wil versorg

in die kruis sal ons juig.

Hoor ons bede tot U!!

# Seën



Mag God jou bewaar van die torings van selfverheffing, Mag Christus jou herinner aan jou roeping as beelddraer, Mag die Gees jou toerus om in liefde en in waarheid te leef.

Gaan dan in vrede, om God se droom te leef — tot seën van die wêreld

# Gaan dan heen...

Gaan dan heen, gaan in vrede;
My kind gaan doen wat ek jou vra.
Versprei my lig,
gaan leef my liefde.
My kind onthou, Ek is altyd daar!

Kyk Ek gaan voor jou uit;
Ek maak die pad gelyk;
Ek is langs jou 2
– om jou veilig vas te hou;
Ek is agter jou 2
Ek keer die bose weg van jou;
Ek is onder jou as jy sou val 2
dan dra ek jou.

Gaan dan heen, gaan in vrede;
My kind gaan doen wat ek jou vra.
Versprei my lig,
gaan leef my liefde.
My kind onthou, Ek is altyd daar!

Kyk Ek is rondom jou,
want ek beskerm jou;
Ek is bokant jou,
want Ek wil jou graag seën;
Ek is binne jou
Ek lei jou deur My Heilige Gees.
Die Seun van God Drie-ening
sal vir ewig met jou wees!

**Gaan dan heen, gaan in vrede;**
**My kind gaan doen wat ek jou vra.**
**Versprei my lig,**
**gaan leef my liefde.**
**My kind onthou, Ek is altyd daar!**